

ST. FULBERTUS VAN CHARTRES

10 APRIL

(sterf 1028)



Hy is uit 'n armoedige gesin in Italië gebore. Sy intelligensie en talente is vroeg reeds raakgesien en hy is na die beroemde katedraalskool in Rheims in Frankryk gestuur. Daar studeer hy onder die toekomstige pous Silvester II, wat hom as uitblinkende student na Rome neem. Ná die dood van die pous keer hy terug na Rheims waar hy aangestel word kanselier van die bisdom en uiteindelik in 1007 biskop van Chartres gewy word. Hy herbou die katedraal wat afgebrand het. Hy ondersteun die hervorming van die kloosters in Frankryk en was ook 'n begaafde skrywer. Baie van sy gesange, briewe en geskrifte het behoue gebly. Hy was baie slim en geleerd maar ook diep nederig en hy het 'n eenvoudige leefwyse gehandhaaf. Hy was een van die voorste Kerkmanne van sy tyd.